ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Privaatsak X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Faks: 011 262 2656

29 Julie 2015

KENNISGEWING DEUR MIDDEL VAN E-POS AAN:
ORTHOTOUCH BEPERK, DIE HS MAATSKAPPYE, ZEPHYN PROPERTIES EIENDOMS BEPERK, ALLE BEKENDE HANDELSKREDITEURE EN HS BELEGGERS

Geagte Dame / Heer,

RE: ORTHOTOUCH BEPERK REËLINGSKEMA
LIKWIDASIE- EN DISTRIBUSIEREKENING ("DIE REKENING")

1. Verwys asseblief na die reëlingskema dokument gedateer 7 Oktober 2014 ("***die reëling***") insovêrre dit betrekking het op hierdie kennisgewing.

2. Vir maklike verwysing, geliewe asseblief daarop te let dat alle terme en definisies wat hierin gebruik is, dieselfde is as dié wat in die reëling gebruik word.

3. U word verrwys na paragraaf 4.3 van die reëling ten opsigte van die rekening wat opgestel is en wat ter insae lê .

   3.1. Hierdie e-pos, wat 29 Julie 2015 gedateer is, dien as die nodige kennisgewing ingevolge paragraaf 4.3 van die reëling.

   3.2. Die rekening sal vanaf 31 Julie 2015 tot 6 Augustus 2015 ter insae lê. Hierdie datums voldoen aan die tydperke wat in paragraaf 4.3 van die reëling bepaal word.

   3.3. Indien u beswaar wil maak teen die rekening moet sodanige beswaar aan my gerig word en voor 6 Augustus 2015 ingedien word. Hierdie datum voldoen aan die tydperk ingevolge paragraaf 4.4 van die reëling.

   3.4. U aandag word ook gevestig op die hersienings-verrigtinge wat in paragraaf 4.5 van die reëling uiteen gesit word.

4. Indien u die rekening wil nagaan, kontak asseblief die Inbel Sentrum van Orthotouch op (011) 465-7010 om 'n afspraak te maak.

5. **INDIEN U EIS EN/OF REGTE AS 'N HS BELEGGER IN U EIE NAAM IS SAL DIT VAN U VEREIS WORD, VOORDAT DIE REKENING NAGEGAAN KAN WORD, OM U OORSPRONKLIKE BEWYS VAN IDENTIFIKASIE TE VOORSIEN, SOOS 'N BESTUURSLISENSIE, IDENTIFIKASIE BOEK ENS. DIEGENE WAT MAATSKAPPYE, BESLOTE KORPORASIES, TRUSTS, VENNOOTSKAPPE OF ENIGE ANDER REGSENTITEIT, VERTEENWOODIG MOET DIE BOGEMELDE OORSPRONKLIKE VORMS VAN IDENTIFIKASIE VOORSIEN, VERGESEL DEUR 'N OORSPRONKLIKE BESLUIT DEUR AL DIE DIREKTEURE IN DIE GEVAL VAN 'N MAATSKAPPY OF AL DIE LEDE IN DIE GEVAL VAN 'N BESLOTE KORPORASIE OF AL DIE TRUSTEES IN DIE GEVAL VAN 'N TRUST OF AL DIE VENNOTE IN DIE GEVAL VAN 'N VENNOOTSKAP OF ALLE PERSONE VEREIS TEN EINDE REGTENS BINDENDE VOLMAGTIGING TE VERSKAF TEN BEHOEWE VAN ENIGE ANDER ENTITEIT. IN DIE GEVAL VAN 'N ANDER PERSOON WAT 'N INDIVIDU VERTEENWOORDIG SAL DAAR VAN DAARDIE PERSOON VEREIS WORD OM 'N OORSPRONKLIKE VOLMAG, TESAME MET OORSPRONKLIKE BEWYS VAN IDENTIFIKASIE TE VERSKAF WAT HOM / HAAR DIE MAG GEE OM DIE REKENING TE INSPEKTEER, EN DIE VAN DIE PERSOON MET DIE EISE OF REGTE EN DIE GEVOLMAGTIGDE PERSOON.**

LET WEL: INDIEN DIE VEREISTE OORSPRONKLIKE DOKUMENTE NIE TER INSAE GESTEL WORD NIE, SAL DIE BETROKKE PERSOON, MAATSKAPPY, BESLOTE KORPORASIE, TRUST, VENNOOTSKAP OF ANDER ENTITEIT NIE TOEGELAAT WORD OM DIE REKENING TE INSPEKTEER NIE.

Die uwe

D P COHEN
Ontvanger